eleven out of a herd of thirteen" - p.35, makes today's conservation-minded reader shudder with shock at the devastation. Fortunately the colonial government did not encourage hunters and traders entering Zululand *(vide* p.29).

Another remarkable source of information concerns the inter-relationship between the Zulus and the Tsongas eg. p.26: the Tsongas "living in constant fear of the Zulus who abuse them most horribly". Also p.51. There are interesting details on Zulu, and other, trade and relations with Delagoa Bay eg. pp. 56-57; p.59. Powder and lead were freely available from that source: p.48; p.56. A highlight is the vivid description of Lourenco Marques: pages 76 and 77.

A regrettable aspect that is evident is the detrimental effect of the Natal client hunters on the local inhabitants whom they apparently abused. They "are a set of scoundrels, they do a great deal of harm amongst the natives" p.52 and p.75 and p.101. Struthers took it upon himself to punish this bad behaviour with up to three dozen strokes. "He seemed glad at getting off so easy" pp.61-63.

Struthers also comments on the astonishing numbers of Zulus who fled to Natal - he counted fifty on one wagon - p.63. His identification of the Mhlatuze flatlands as being eminently suitable for sugar on 16 March 1853 is prescient. Struthers makes another interesting observation when he points out that the Mkhuze river flows into the St. Lucia complex and not the sea as indicated in earlier maps - p.50. Although the journal is written in a reasonably business-like way there are some good descriptions - for example that of the "elephant country" on page 80.

Through this volume Robert Briggs Struthers has arrived in the forefront of mid 19th century hunter publicists, and we welcome this addition to our knowledge of our rich Zululand heritage.


### A.E. Cubbin
*University of Natal*


## P. Scully: *The Bouquet of Freedom: Social and Economic Relations in the Stellenbosch District, South Africa. c.1870 - 1900.*

The Centre for African Studies, Communications no. 17/ 1990, University of Cape Town, 1990. 130 pp. Price unknown. ISBN 0798129182

Soos die titel aandui, word die sosiale en ekonomiese verhoudings binne die "dominante klas", d.w.s. die wynboere onderling, en tussen eersgenoemde klas en die arbeidersklas ondersoek teen die breë agtergrond van die veranderde politieke en ekonomiese situasie in die Kaapkolonie gedurende 1870 - 1900.

Die skrywer is van mening dat in die tydperk na die emansipasie van die slawe, die regering en die boere saamgespan het om die "vrye arbeiders" d.m.v. wetgewing aan die landbou te bind. Sodoende het die wetgewing die ekonomiese en sosiale mag in die hande van die grondeienaars geplaas. As gevolg van die ontwikeling van die mynboubedryf en spoorweë gedurende 1870 - 1900 het die sosiale en ekonomiese verhoudinge in die Wes-Kaap verander. Hierdie verandering is aangehelp deurdat die wynboere getref is deur 'n algemene resessie. 'n aksynsbelasting op brandewyn, *phylloxera* en 'n arbeidskaarste. Hierdie faktore het daartoe bygedra dat entrepreneurs met kapitaal wat op die myne en d.m.v. vervoerkontrakte verkry is, grond in die distrik van Stellenbosch gekoop het. Die verskynsel het bygedra tot 'n nuwe stratifikasie binne die boeregemeenskap. Veral die boere wat hul produksie wou kapitaliseer, het die *Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermingsvereeniging* en later die Afrikanerbond gebruik om staatshulp vir die wynboere te verkry.

Gedurende 1870 tot 1890 het die boere as grondbesitters verskeie maatreëls in werking gestel om die loonarbeider te verplig om op die plase te werk. Teen 1890 het hulle egter die implikasies van die proletarisering van die "*rural underclass*" ervaar. Baie arbeiders het die plase verlaat om in ander sektore "n heenkome te soek en vind daar ook 'n stratifikasie binne hierdie arbeidersklas plaas. Sodoende het die boere hul monopolie oor die arbeider verloor. Die skrywer kom tot die gevolgtrekking dat as gevolg van die veranderde sosiale en ekonomiese situasie tydens 1870 tot 1900, die werkgewer tydelik sy beheer oor sy arbeiders verloor het en hulle dus 'n groter mate van vryheid ervaar het. Na 1900 het die situasie van die arbeiders egter verswak en het die boer sy beheer oor hulle verstewig. Vandaar die stelling dat gedurende 1870 - 1900 "farm labourers in the Western Cape might have sensed the bouquet of independence: they have yet to savour it."

Die studie benader die ekonomiese en sosiale verhoudinge in die distrik van Stellenbosch as deel van 'n klassestryd. So word brandstigting en diefstalle deur die arbeiders as deel van die stryd teen die ontwikkelende kapitalistiese boere geïnterpreteer.

Hierdie studie is geen omvangryke plaaslike of streeksgeskiedenis nie en het besliste gebreke, soos byvoorbeeld dat daar vanuit 'n vooropgesette standpuntinname geskryf word en van veralgemenings gebruik gemaak word. Aangesien dit egter die eerste dieptestudie van dié aard oor die distrik van Stellenbosch is, en dit ook inpas by ander ondersoeke na die impak van industrialisasie op plaaslike gemeenskappe, behoort navorsers dit insiggewend te vind.


### C. Venter
*Universiteit Stellenbosch*


## D.J. van Zyl: *Langeberg: 50 jaar van Inmaakprestasie 1940-1990.*

Langeberg Voedsel Bpk. Belville, 1990. 98 pp. Geill. Geen prys. ISBN 0620152834